**TOETS 1**

1. Jou vermoë om te kan leer en jou …. het baie met mekaar te doen.
2. Leer is nie natuurlik nie, dis ‘n …… vaardigheid.
3. Die oog is neurofisiologies eers op die ouderdom van ….. jaar gereed vir lees.
4. Neurowetenskap kyk na die rol van die …. in die leerproses.
5. Die ….. prop in die brein in.
6. Die brein prop in die …. in.
7. Die oog is die … van al die sintuie om te ontwikkel.
8. Die oog is die … van al die spiere om te ontwikkel.
9. ….. dryf sensories-motoriese ontwikkeling.
10. Kinders sukkel met lees wanneer daar ….. is wat nog nie ontwikkel is nie.

**TOETS 2**

1. Sintuie ontwikkel in ‘n volgorde:
2. Die oë is die laaste van die …. spiere om te ontwikkel.
3. By die …… is ons fokus op alle sensories-motories ontwikkeling wat die oë voorafgaan ter wille van lees.

**TOETS 3**

1. Wanneer ‘n kind weerstand bied, moet jy …..
2. By die Mind Moves Instituut gebruik ons ‘n huisie as ‘n model van breinontwikkeling. Die fondasie van die huis verteenwoordig .…. ontwikkeling
3. Die mure van die huis verteenwoordig .…. ontwikkeling
4. Die vensters en deur van die huis verteenwoordig .…. ontwikkeling
5. Die dak van die huis verteenwoordig .…. ontwikkeling
6. Geheue, motivering, aandag en konsentrasie is deel van …. ontwikkeling.
7. Lees en skryf vind in die ….. van die huisie-model plaas.
8. Die rol van die vestibulêre sisteem is om te praat, om georganiseerd te wees, om rigting te bepaal, om tussen links en regs te onderskei en te bepaal waar is jy.
9. Ons oorbenut ons oë wanneer ons ons oë gebruik om ……
10. Skeppende aktiwiteite in die kleuterskool is voorbereiding vir ….. en ……
11. Skeppende aktiwiteite is primêr ten doel om ….
12. Wanneer jy …., sit jy ….. op papier.
13. Wanneer jy lees, …… jy.

**TOETS 4**

1. Wanneer ‘n kind ‘n prentjie van hulself teken, en hul teken ‘n lyn onder hul voete of hul teken op so ‘n manier dat die mannetjie op die onderkant van die bladsy staan, dan weet ons hul het ….

2. As ‘n kind voel of hul sweef, voel dit asof alles om hul ook sweef. Die implikasie vir letters wat sweef is……
3. Die twee stukkies inligting wat die brein nodig het voor ‘n kind letters en syfers kan skryf en lees is ……
4. Al die letters in die hele wye wêreld begin …… my.
5. Wat gebeur met letters en syfers wanneer ‘n kind gravitasiesekerheid het en lees?
6. Jy werk baie minder as jy kyk as wanneer jy luister
7. Binne in die oor is die balansapparaat en gehoorapparaat. Gereelde oorinfeksie of ‘n konstante toe neus beïnvloed …. en …..
8. Mind Moves se leesgereedmakingsprogram fokus op die ontwikkeling van kinestetiese en ouditiewe vaardighede, dit beteken ……….
9. Hierdie Mind Moves program is nie ‘n leesprogram nie, dit is ‘n leesgereedmakingsprogram.
10. Hierdie Mind Moves program ontwikkel die ….. vir die oorgang van klank na beeld.
11. Wanneer ‘n kind nie verbaal vaardig is in die taal waarin die kind moet lees en skryf nie, is die kanse op lees- en leerprobleme groot. Die volgende bevorder taalontwikkeling: gesprek, stories, rympies, temabesprekings, speletjies, interaksie.
12. Die 30 lesse in Mind Moves se leesgereedmakingsprogram is saamgestel as …. om klanke te identifiseer en ‘n brug te bou na hoe lyk die letters.
13. Nie net is dit belangrik dat ‘n kind besef alle letters begin op ‘my lyfie’ en is konsekwent na links, op of regs van ‘my lyfie’ nie, dis ook belangrik om letters korrek te posisioneer. Dit beteken as ‘n kind die woord *help* skryf ….

**TOETS 5**

1. …… stimuleer die brein en por die spiere aan tot aksie.
2. Die ….. is die grootste orgaan in die liggaam.
3. ….. in die vel, spiere en gewrigte werk soos kameras wat ‘n kaart van die liggaam in die brein vorm.
4. Hoe meer volledig die …… in die brein is, hoe meer volledig teken ‘n kind ‘n prentjie van hulself.
5. As jou brein weet waar jou …… is, beweeg jy met selfvertroue.
6. Rigting, volgorde, diepte, hoogte, gewig, afstand en spoed is produkte van ‘n gesonde vestibulêre sisteem.
7. Aandagafleibaarheid (**AGHS**) is ‘n simptoom van ‘n onderontwikkelde …...
8. Smaak en reuk is chemiese sintuie en het daarom die grootste invloed op …… ontwikkeling
9. Die ….. huisves die balans- en gehoorapparaat.
10. Al is sig die mees dominante sintuig, neem dit die oë ….. jaar voordat die neurologiese paadjies vasgelê is, daarom is dit die gepaste tyd om dan te leer lees.

**TOETS 6**

1. Die mens se liggaam is ontwerp om te beweeg. Vroeë …… lê die grondslag vir wat daarop volg. Charles Krebbs
2. Die liggaam ontwikkel eers van …. en dan van ………
3. SPEEL is die natuur se manier om spiere sterk te maak. Daarom moet kleuters stil sit en werksblaaie doen in graad RR en graad R.
4. Speel asook klim, swaai, rol, bons, gooi, spring, bande rol, op stelte loop en fietsry is die natuur se manier om spiere sterk te maak.
5. Groot spiere ontwikkel wanneer 'n kind teen die …… trekbeweging van swaartekrag beweeg.
6. Spiertonus ontwikkel wanneer kinders ……. teenstaan.
7. Daar is vier stappe in die ontwikkeling van spiere. Kies die korrekte volgorde:
8. 'n Kind se gedrag is 'n direkte gevolg van sy of haar vermoë, of onvermoë, om beweging te …...
9. Sonder motoriese beheer, is ……. verdeeld.

**TOETS 7**

1. Skeppende aktiwiteite ontwikkel 'n kleuter se uitdrukkingsvermoë, en daarom is dit tydmors.
2. 'Fynmotories' verwys na die bewegings van die neus, hande en vingers, voete en tone asook die oë.
3. Suig, kou en blaas ontwikkel die fyn spiere van die mond.
4. Die spiere van die hande en vingers word vaardig wanneer jy SELF:
   vrugte skil, eiers afdop, tande borsel, klere aantrek, vingermusiek maak, vingerrympies opsê, legkaarte bou, proppe en deksels opdraai, sorteer en skeppende aktiwiteite doen.
5. Die spiere van die voete en tone ontwikkel natuurlik wanneer kleuters nooit kaalvoet loop nie en elke dag skoene dra.
6. Die fyn spiere van die oë ontwikkel wanneer kleuters swak kernspiere het.
7. Die fyn spiere van die oë ontwikkel wanneer kleuters trap en vang, patrone met wasgoedpennetjies pak en strikkies maak.
8. Oogkontak ontwikkel die oogspiere.
9. Fynmotoriese ontwikkeling volg na grootmotoriese ontwikkeling en daarom is lees en skryf moeilik as die hele lyfie nog nie sterk en regop is nie.

**TOETS 8**

1. Sodra 'n kind 'n gevestigde ……. het, moet hy of sy uitwerk: Waar is ek?

2. 'n Kind se vermoë om haarself, of 'n voorwerp, in verhouding tot nog 'n voorwerp te plaas, word ……. genoem.
3. Ruimtelike oriëntasie stel haar in staat om haarself as …….. te gebruik, wat selfvertroue 'n hupstoot gee.

4. Ruimtelike oriëntasie is die sleutel tot ……….. van haar omgewing, klere en speelgoed.
5. Sy het ruimtelike oriëntasie nodig om kleur, vorms en getalle te herken.
6. Sy het ‘n liggaamskaart en ruimtelike oriëntasie nodig om letters en nommers te leer skryf en lees.
**7.** Ruimtelike oriëntasie is nie nodig vir legkaartbou nie.
**8.** Ruimtelike oriëntasie lei tot akkurate skryf, lees, spelling en veral wiskunde later
9. …… bedraad die brein.
10. ……… maak breinpaadjies doeltreffend.

**TOETS 9**

**1.** …… ontwikkeling steun swaar op ore wat mooi kan luister.
**2.** Het jy geweet die mond kan sê wat die ore nie kan hoor nie?
**3.** Die ore moet leer om te HOOR en nie net te LUISTER nie.
4. Ouditiewe persepsie beteken die volgende luistervaardighede het ontwikkel: ouditiewe diskriminasie, analise en sintese, voorgrond/agtergrond onderskeiding, opeenvolging, geheue en sluiting.
5. Wat wakker ouditiewe persepsie aan? Kies een.
6. Praat, beweeg en sing is onmoontlik sonder ……
7. Wat ontwikkel ritme?
8. Mind Moves se leesgereedmakingsprogram fokus veral op …….. ontwikkeling.

**TOETS 10**

1. Die oë kyk, maar die brein sien.
2. Visuele persepsie is wanneer die brein verstaan wat die oë sien.
3. Visuele persepsie ontwikkel eers konkreet dan semi-konkreet.
4. Visuele analise en sintese beteken om te sorteer en weer saam te sit.
5. Legkaartbou stimuleer visuele analise (uitmekaar haal), sintese (aanmekaar sit) en sluiting.

6. Visuele voorgrond/agtergrond onderskeiding is om een spesifieke kleur pennetjie in ‘n bakkie vol gekleurde pennetjies raak te sien.
7. Visuele opeenvolging en geheue, is om ‘n patroon te onthou tot die patroon voltooi is.

8. Visuele vormkonstantheid beteken om ‘n vorm te herken al is dit kleiner, groter, gedraai of in ‘n ander kleur of tekstuur.
9. Om ‘n strikkie te kan maak, toets of al die verskillende visuele persepsies ontwikkel is.

**TOETS 11**

1. Die heel beste manier om elke dag te begin, is met: orevryf, ‘n buitelynmassering en ‘n drukkie.
2. Moedig ouers aan om die 3 Mind Moves by die huis te doen: voor …….

3. Wat is die korrekte volgorde waarin die 3 Mind Moves gedoen word sodat die liggaamskaart in die brein meer volledig is: